



## PRIMÈRE SKOOL UNIVERSITAS

### SKRIFBELEID : GRAAD 4 - 7

1. Netheid is te alle tye `n vereiste. Leerders in graad 4 - 6 skryf **lopende skrif**. Slegs leerders wat deur `n spesialis/kundige/remediërende onderwyser aanbeveel is om **drukskrif** te skryf, mag **drukskrif** skryf . Skriftelike bewyse moet egter in die Ed-labkaarte geplaas word. In graad 7 word leerders toegelaat om **drukskrif** te skryf.
2. Geen “Tippex” mag gebruik word nie, werk mag nie doodgekrap word nie.
3. Maak alle foute netjies reg met ‘n grys potlood en trek dood met `n linaal.
4. Nasorg of werk tydens afwesigheid word altyd in potlood gedoen.
5. Die datum word altyd in die eerste lyntjie/paadjie , links teen die kantlyn geskryf. In wiskunde word die datum as volg, in syfers geskryf: **2021-02-12**
6. Skryf die opskrif in die volgende paadjie/lyntjie, onder die datum, neer.
7. Laat `n lyn oop en trek `n lyn dwarsdeur en begin dan met die werk.
8. Die nommer kom regs van die kantlyn.(Niks in die kantlyn nie)
9. Trek ‘n netjiese lyn na die afloop van werk.
10. Werk wat nie in die klas voltooi word nie, word as huiswerk beskou.
11. By sketse/diagramme word byskrifte altyd in **drukskrif** geskryf. Lyntjies/ pyltjies na die byskrifte toe, word met `n potlood en `n linaal gedoen.
12. In wiskunde moet alle SI-eenhede in **drukskrif** geskryf word, behalwe by uitsonderings soos bv. **ℓ ( liter)**
13. Graad 4-leerders skryf die eerste drie kwartale met potlood en begin in die vierde kwartaal om met blou penne te skryf.
14. Werkkaarte en alle fotostate moet netjies geknip en vasgeplak word. Moenie `n vraestel dubbelblad vou nie, liaseer dan eerder in `n “Flip-File”. Bladsye wat ingeplak word moet saam met die bladsye van die boek kan blaai.
15. Daar word van die graad 4 - 6 onderwysers verwag om te alle tye **lopende skrif** op die bord te skryf, sodat die leerders bewus kan word van **lopende skrif**.

**GOEDGEKEUR DEUR DIE BESTUURSPAN OP 29 Januarie 2021.**

**S. SMIT**  
ADJUNKHOOF

**N. GUNTER**  
SKOOLHOOF